



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Drie sonneblomme deur Anna Emm

Daar het eenmaal drie sonneblomme langs die pad in die veld gestaan. Twee van die sonneblomme was groot, met lang stingels, maar die derde sonneblom was kort en klein. Elke dag het die twee groot sonneblomme gestry oor wie die belangrikste is.

"Ek is verseker die belangrikste," roep die een sonneblom uit, "want ek is die LANGSTE!"

"Nee, ék is die belangrikste," stry die ander een, "want ek is die mooiste!"

Dan sug die klein sonneblommetjie net en wens hulle wil ophou om so te stry.

Op 'n dag stop daar 'n motor langs die pad naby die sonneblomme. Opgewonde draai die sonneblomme hulle koppe om beter te sien. "Dis mense!" roep die langste sonneblom opgewonde. "Hulle kom my pluk! Hulle moes seker gesien het hoe mooi LANK ek is. Ek wou nog altyd gepluk geword het!"

"Hulle gaan nie vir jÓú pluk nie!" raas die ander sonneblom. "Hulle gaan mý pluk! Almal weet die mense wil net die MOOISTE blomme pluk. Ek wou nog altyd gepluk geword het!"

'n Mamma en 'n seuntjie klim uit die kar en kom nader. "Watter een sal ons pluk?" vra die mamma.

"Hierdie een is al te groot," sê die seuntjie en wys na die lang sonneblom, "en hierdie ene is klaar op haar mooiste. Kom ons pluk die kleintjie. Hy gaan mos nog lank groei en nog baie mooier word."

En kan jy glo? Daar pluk die mamma en die seuntjie die KLEINSTE sonneblom om saam te vat huis toe! Die ander twee sonneblomme kan dit nie glo nie! Hulle was dan so seker dat hulle baie beter en belangriker was as die ou klein blommetjie!

Maar die kleinste sonneblommetjie lyk hartseer toe die mamma hom saggies in die kar laai.

"Kyk hoe hartseer lyk die sonneblom, Mamma," sê die seuntjie. "Ek dink hy mis alklare sy vriende. Dalk moet ons die ander twee sonneblomme ook maar pluk?"


En dit is presies wat hulle doen! Saggies en versigtig gaan pluk die mamma die ander twee sonneblomme ook, en toe vat hulle aldie sonneblomme huis toe. By die mense se huis sit hulle die sonneblomme in 'n pragtige glasbeker op die tafel. Almal wat kom kuier en die blomme sien, sê dat dit die mooiste sonneblomme is wat hulle nog ooit gesien het! Die blomme het nooit weer gestry oor wie die belangrikste was nie, want hulle het geweet, as dit nie vir die kleinste sonneblom was nie, het die mense hulle nooit gepluk nie. En toe die sonneblomme klaar geblom het, vat die seuntjie en sy mamma die sonneblom-saadjies en gaan plant dit in die tuin. Sommer gou was die hele tuin vol pragtige sonneblomme – party lank, party mooier as ander, en party kort en klein.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Drie sonneblomme

illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za